GEMEENTE. LES 16

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* EFESIËRS 2 - 5

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Efesiërs 2 -5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 min) *[VOORBEREIDING VIR DIE CHRISTELIKE HUWELIK]* (4) PREDIKER 8:5b-6a

Repeteer twee aan twee:
(4) Die regte tydstip. Prediker 8:5b-6a. "Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel. Elke ding het sy tyd en sy manier."

4	BYBELSTUDIE (85 minute) *[EVANGELIE VAN JOHANNES]* JOHANNES 6:1-71

Inleiding. Johannes 6 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat na die eerste vermeerdering van brood in Galilea verwerp word.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 6:1- 71 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

6:5-13
Ontdekking 1. Die noodsaaklikheid om geloof te beoefen.

'n Skare mense het Jesus en sy dissipels gevolg na 'n eensame plek. Behalwe die vrouens en kinders was daar vyf duisend manne! Jesus stel toe sy dissipel, Filippus, op die proef: "Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet?" En Filippus het geantwoord, "Twee honderd mense se dagloon (denarii) is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie." Filippus het 'n berekening gemaak in plaas van te glo in wat Jesus kon doen! Jesus het Filippus 'n kans gegee om medelye te toon met die groot skare hongerige mense en 'n kans om te wys dat hy die betekenis van die wonderwerke van Jesus as "tekens" verstaan het. Die wonderwerke as "tekens" wys na die majesteit, mag en heerlikheid van Jesus, na sy bereidwilligheid en vermoë om elke menslike behoefte tegemoet te kom. Maar Filippus was besig om berekeninge te maak en het vergeet dat die vermoë van Jesus alle menslike berekeninge ver te bowe gaan! Hy het glad nie aan Jesus gedink wat op die bruilof van Kana water in 'n oorvloed van wyn verander het nie en ook hier 'n oorvloed van brood sou kon verskaf.

'n Ander dissipel, Andreas, het toe gesê, "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee visies; maar wat is dit vir so baie mense?" Ook Andreas het na die skare mense gekyk en berekeninge gemaak in plaas van te glo in wat Jesus sou kon doen! Al die dissipels van Jesus het na die situasie gekyk en gerasionaliseer. Hulle het almal getwyfel of daar wel 'n oplossing vir die probleem kon wees! Niemand het gedink aan die vorige wonderwerk van Jesus nie. Niemand het geglo in Jesus se vermoë nie!

Die groot waarheid vir my is dat Jesus Christus nie afhanklik is van die materiële wêreld wat Hy geskep het nie. As Hy die heelal geskep het, kan Hy ook wyn (Johannes 2) of brood en vis (Johannes 6) of iets anders skep! Ek moet leer om nie na die lewe met al sy probleme te kyk nie, maar na Jesus Christus met al sy moontlikhede (vergelyk Matteus 6:25-27)! Ek moet na Jesus kyk wat alle probleme kan oplos. Ek moet leer om te glo in Jesus Christus en sy woorde!

6:35-46

Ontdekking 2. Die verhouding tussen goddelike uitverkiesing en menslike verantwoordelikheid.

(1) God die Vader gee op 'n soewereine wyse mense aan Jesus.

In Johannes 6:37 sê Jesus, "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie!" Daar is absolute harmonie en samewerking tussen God die Vader en God die Seun. Alle mense wat God die Vader gee, word deur God die Seun verwelkom. In hierdie Bybelgedeelte benadruk Jesus die soewereine keuse van God in die gee van bepaalde mense aan Jesus. In hierdie Bybelgedeelte benadruk Jesus die uitverkiesing van God (vergelyk Johannes17:2,6; Romeine 8:29-30; Efesiërs 1:4).

Maar in Johannes 6:36 sê Jesus, "Julle sien My, en tog glo julle nie in My nie." In hierdie Bybelgedeelte benadruk Jesus die menslike verantwoordelikheid om te reageer op die evangelie. Baie mense luister na Jesus, hoor die evangelie en sien sy wonderwerke, maar tog weier hulle om in Hom te glo! Jesus lê die skuld by die ongelowiges en sê dat hulle heeltemal verantwoordelik is vir hulle keuses en handelinge. In hierdie Bybelgedeelte benadruk Jesus die verantwoordelikheid van die mens (vergelyk Romeine 2:5-6)!

(2) God die Vader trek mense onweerstaanbaar na Jesus.

In Johannes 6:44 sê Jesus, "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie." In die Bybel benadruk Jesus die soewereine uitverkiesing van God soos dit in die menslike geskiedenis uitgevoer word. "Om te trek" beteken meer as alleen maar "kennis en morele invloed uitoefen". Die Vader wink en adviseer nie alleen nie, maar trek mense onweerstaanbaar na Jesus Christus toe!

Dieselfde woord: "trek" word in Johannes 12:32 gebruik wanneer Jesus na sy verhoging (d.w.s. sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging) mense vanuit die hele wêreld onweerstaanbaar na Homself toe trek! Dieselfde woord: "trek" word ook in Johannes 18:10 gebruik waar die swaard van Petrus werklik uit sy skede getrek word. Dieselfde woord "trek" word ook in Johannes 21:6,11 gebruik waar 'n net met 'n groot hoeveelheid visse op die land getrek word! Dieselfde woord "trek" word in Handelinge 16:19 gebruik waar Paulus en Silas na die mark gesleep word en in Handelinge 21:30 waar Paulus uit die tempel gesleep word. Dieselfde woord "trek" word in Jakobus 2:6 gebruik waar ryk mense arm mense voor die regbank sleep. Dit is duidelik dat Jesus praat oor die onweerstaanbare wyse waarop God die Vader mense na Jesus toe trek!

Maar wanneer God mense trek, *dan behandel Hy hulle as verantwoordelike mense*. Hy beïnvloed hul denke, wil en hart (ja hulle hele persoonlikheid), sodat die gedagtes van hulle verstand, die besluite en keuses van hulle wil en die gevoelens van hulle hart selfstandig bly funksioneer. God die Vader trek hulle so oortuigend dat hulle Hom met 'n lewende geloof aanneem. Maar die goddelike uitverkiesing sluit nooit die menslike verantwoordelikheid uit nie! Nietemin is die inisiatief aan die begin en die krag gedurende die hele proses altyd van God! Hierdie trekkrag van God is 'n werklikheid, kragtig en effektief, omdat God Self hierdie krag uitoefen!

In Johannes 6:45 sê Jesus, "By een van die profete staan daar geskrywe: 'En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer is. Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe." Met betrekking tot die manier waarop mense verlos word, word die onderrig van God en die luister van die mens na die Woord van God nie sommer gelykgestel nie. Die Bybel leer dat God altyd die inisiatief neem en van begin tot einde die beheer hou. God die Vader moet mense trek voordat hulle tot Jesus kan kom. God die Vader moet mense eers onderrig voordat hulle na God luister en leer. God se uitverkiesing om bepaalde mense te trek, sluit hulle verantwoordelikheid om te luister en te leer in. Die negatiewe kant is dat niemand tot Jesus kan kom nie behalwe as God hom trek! Niemand kan hoor en leer nie, behalwe as God onderrig. Die positiewe kant is dat almal wat God trek, seker na Jesus kom. Wie luister en leer, word seker gered! God se genade oorwin altyd. Dit bereik die doel wat gestel is. *God se genade is onweerstaanbaar!*

STAP 3. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 6:1-71 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

6:26-29

Vraag 1. Wat bedoel Jesus as Hy sê dat ons nie moet werk vir voedsel wat vergaan nie?

***Aantekeninge*.** Dit is ’n gesegde met ’n verborge betekenis (Hebreeus: mashal, ’n vergelyking). Net soos die Samaritaanse vrou sy uitspraak oor “die lewende water” nie verstaan het nie, so het die Jode sy uitspraak oor “die voedsel wat ewige lewe gee” nie verstaan nie. Hulle het beide ’n letterlike betekenis aan die uitsprake gegee. *Die voedsel wat vergaan, is gewone voedsel* wat nie in die hart kom nie en dus geen blywende waarde het nie. *Die* voedsel wat bly is Jesus Christus Self wat Homself as ’n soenoffer vir die sonde gegee het. Hierdie voedsel produseer en onderhou die ewige lewe! God die Vader het deur middel van al die getuies in hoofstuk 5 aangetoon dat Jesus Christus die Messias, die Seun van God, is. Op hierdie manier het God die Vader sy seël op Jesus Christus geplaas (Grieks: sfragizó)[1] (ANV: Hom daartoe mag verleen) (Johannes 6:27).

“Die werk” wat God vereis is dat mense in Jesus Christus glo! Die werk wat bestaan uit geloof beteken nie dat mense gered word deur ’n goeie werk of een of ander godsdienstige plig te verrig nie. Niemand kan die ewige lewe verdien nie. “Die werk wat bestaan uit geloof” beteken dat die gelowige die gawe van God deur geloof ontvang. Verlossing is altyd God se soewereine werk van genade in die hart en denke van die mens. Verlossing word uit God se genade gegee en word deur die geloof van ’n mens aangeneem/ontvang (Efesiërs 2:8-9). Daarom spoor Jesus die Jode aan om nie alleen vir materiële dinge te werk nie, maar om hulle in te span om die ewige lewe van Hom te ontvang.

6:39-40

Vraag 2. Wat leer die Bybel oor die volharding van Christene?

***Aantekeninge*.**

(1) Ware Christene sal tot die einde toe volhard.

In Johannes 6:39-40 sê Jesus dat dit die wil van God die Vader is dat Jesus Christus tot sy wederkoms van almal wat God Hom gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie. Op die laaste dag sal Jesus Christus hul liggame uit die dood laat opstaan. “Elkeen wat die Seun sien en in Hom glo sal die ewige lewe hê” Dus, ware gelowige mense sal tot die einde toe volhard! “Die laaste dag” verwys na die wederkoms en die laaste oordeel.

(2) Volharding sluit nooit menslike verantwoordelikheid uit nie.

Die waarheid oor die volharding van Christene word in vers 39 vanuit die uitverkiesing van God besigtig en word in vers 40 vanuit die verantwoordelikheid van die mens besigtig. Vanuit God se oogpunt word alle Christene saam aan Christus gegee (vergelyk Johannes 10:29) en Christus bewaar hulle tot die einde! Hy kan en sal nie in sy taak faal nie! Maar vanuit menslike oogpunt het elke Christen die persoonlike verantwoordelikheid om in Jesus Christus te bly glo (vergelyk Johannes 3:16 waar die werkwoord in die onvoltooide teenwoordige tyd geskrywe staan).

(3) Die volharding van gelowiges word in die hele Bybel geleer.

Johannes 10:28 sê dat Christene:

- die ewige lewe (d.w.s. sonder einde) gekry het
- nooit verlore sal gaan nie
- niemand hulle uit die hand van Christus kan roof nie

Romeine 8:28-33 sê dat God mense:

- lank tevore geken/verkies (Grieks: proginóskó) en bestem (Grieks: prohorizó) het om aan Christus gelykvormig te word
- in die tyd (deur die verkondiging van die evangelie) geroep het en (deur hulle geloof) geregverdig het
- in die toekoms uiteindelik sal verheerlik!

Romeine 11:29 sê dat die genadegawe en die roeping van God onherroepbaar is (ANV: nooit teruggetrek word nie)!
Filippense 1:6 sê dat God, wat die goeie werk in gelowiges begin het, dit end-uit sal voer en sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom (die wederkoms)!
2 Timoteüs 2:19 sê, “Die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: Die Here ken dié wat aan Hom behoort.”
1 Petrus 1:4-5 sê dat God ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis vir Christene in die hemel bewaar.

Dus, die Bybel beloof dat:

- God se plan *vanaf alle ewigheid tot alle ewigheid* nie verander kan word nie
- God se roeping *in die tyd* nie herroep kan word nie
- die erfenis van Christene *in die toekoms* nie besoedel kan word nie
- die fondament van God nie kan wankel nie
- die seël van God nie gebreek kan word nie
- en die lewe van Christene in God nie verlore kan gaan nie.

[1] Aan Hom ’n identifikasie merkteken gegee. In Johannes 6:27 beteken dit: “Aan Hom mag vanuit die hemel gegee (om die ewige lewe aan gelowiges te gee)”.

- Bowendien word die waarheid en werklikheid van die bewaring en volharding van Christene geïmpliseer in die uitdrukking: “die ewige lewe”.

6:50-58

Vraag 3. Wat beteken: “die liggaam van Jesus eet” en “die bloed van Jesus drink”?

***Aantekeninge*.** In Johannes 6:51,54 gebruik Jesus weer ’n gesegde met ’n verborge betekenis (’n “mashal”, ’n vergelyking). “Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe .... Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.”

(1) Hierdie vergelyking mag nie letterlik uitgelê word nie.

Baie mense het aan hierdie woorde van Jesus min of meer letterlike betekenis gegee en kan daarom sy woorde nie begryp nie. Die Jode het sy uitspraak ’n letterlike betekenis gegee asof Hy bedoel dat mense op een of ander manier sy fisiese liggaam moes eet. Vir Jode is bloed drink afskuwelik. En die seremoniële wet van God sê dat God sy gesig wegdraai van ’n mens wat bloed geëet het (Leviticus 17:10). Maar Jesus Christus het geen pleidooi vir kannibalisme gevoer nie.

(2) Liggaam (letterlik: vlees) en bloed is simbole vir die “liggaam” en “siel” van Jesus Christus.

As die Jode die Bybel beter bestudeer het, sou hulle die simboliek van Jesus se woorde verstaan het. In Leviticus 17:11 sê die Bybel: “Omdat die lewe van ’n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen deur middel van hierdie “lewe” (ANV: vir julle lewens).”

Die bloed word beskou as die setel van die lewe. Die bloed verteenwoordig “die siel”. Naas “die siel” het bloed geen ander intrinsieke betekenis nie! In Hebreërs 9:22 staan geskrewe: “Sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie.” Dus, net soos ’n offerlam sy bloed moes uitstort om versoening te doen vir die sondes van die sondaar in die Ou-Testamentiese periode, so moes Jesus Christus sy lewensbloed uitstort om versoening te doen vir die sondes van al sy mense in die wêreld. Die vergieting van die bloed van Jesus Christus , d.w.s. die uitstorting van sy siel of lewe was die straf vir ons sondes en die afwering van die regverdige toorn van God teen ons sondes. Dit was die allerbelangrikste gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis!

(3) Eet en drink is simbole vir “ontvang” en “assimileer”.

Net soos voedsel aangebied en ontvang word, so word die soenoffer van Jesus Christus aan gelowige mense (Christene) aangebied en deur hulle aangeneem. Netsoos die liggaam van ’n mens voedsel en drank inneem, so neem die siel van ’n mens die soenoffer van Jesus Christus in. Die liggaam en bloed van Jesus Christus is simbole vir die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis. Eet en drink is simbole vir “Jesus aan te neem in die diepste van jou wese” as die enigste versoening vir jou sondes. Jesus het nooit bedoel dat sy gesegde letterlik uitgelê moes word nie, maar juis simbolies. Hy bedoel te sê: “’n Mens wat vir My aanneem in sy hart en lewe as die enigste soenoffer vir sy sondes, het die ewige lewe. d.w.s., sal gered word.”

In Johannes 6:66-69, beteken “Jesus volg as sy dissipel” dieselfde as “glo dat Jesus Christus die Seun van die lewende God (die Heilige van God) is”. So in Johannes 6:50-58 beteken “die eet van sy liggaam en die drink van sy bloed” “glo dat Jesus Christus die enigste soenoffer vir jou sondes” is. Op hierdie manier verbind ’n Christen sy lewe vandag met wat Christus 2000 jaar gelede vir hom gedoen het. Die geestelike lewe van ’n Christen word gevoed en onderhou deur die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis.

(4) Die onderrig in die konteks is geestelik en nie letterlik nie.

Die parallelisme[2] in vers 35 toon baie duidelik aan dat Jesus bedoel om te sê dat “na Jesus toe kom” gelyk is aan “glo in Jesus Christus”! As ons vers 54 met vers 40 vergelyk, kan ons ook duidelik sien dat Jesus bedoel dat sy woorde simbolies opgevat moet word. Terwyl vers 54 praat oor “die liggaam van Jesus Christus eet en sy bloed drink” (simboliese taal) en vers 40 praat oor “Jesus Christus sien/aanskou (Grieks: theoreó) en in Hom glo” (letterlike taal), is die gevolg in beide gevalle (letterlik) presies dieselfde, naamlik: “die ewige lewe kry en op die laaste dag uit die dood opstaan”. So ook die uitspraak in vers 56: “Wie my liggaam eet en my bloed drink (simboliese taal), sal in Christus bly en Christus sal in hom bly (letterlike taal)! Hierdie begrippe is almal geestelik en bewys dat hierdie Bybelgedeelte nie letterlik opgevat moet word nie.

Johannes 6:48-59 praat NIE oor die Nagmaal NIE, maar praat in figuurlike taal oor “in Jesus Christus te glo vir die eerste keer”! Die tydsaanduiding van die werkwoorde “eet” (Grieks: esthió, efagon) en “drink” (Grieks: pinó) in vers 50 tot 53 staan in die aoristus tyd en verwys na *die eenmalige ontvangs (aanneming) deur geloof van Christus* in sy lewe. Die tydsaanduidings van die werkwoorde “eet” (Grieks: trógó) en “drink” (Grieks: pinó) in vers 54 tot 56 is in die onvoltooide teenwoordige tyd en verwys na die blywende verhouding van geloof in Christus en in Hom bly (Johannes 6:40). Jesus sê Self wat Hy bedoel in vers 40, 47 en 54, “Elkeen wat glo in Jesus Christus, het die ewige lewe, en Ek (Christus) sal hom op die laaste dag laat opstaan uit die dood”. Jesus leer NIE dat die brood en die wyn (in die

[2] Parallelisme is ‘n stylfiguur waarin twee verskillende woorde gebruik word om presies dieselfde te sê. In hierdie geval is die woorde: “na Jesus toe kom” parallel aan die woorde: “in Jesus glo”.

Nagmaal) op magiese wyse verander word in die liggaam en bloed van Jesus Christus NIE.[3] Hy leer dat die liggaam van Jesus Christus eet en sy bloed drink woorde is wat die aanneming van Jesus Christus in die hart en lewe en die geloof in Jesus Christus simboliseer! In hierdie konteks (Johannes 6:41-42) praat Jesus Christus NIE oor die Nagmaal NIE, maar oor geloof in Hom!

Die fisiese liggaam van Christus is nie op een of ander mistieke wyse aanwesig in die Nagmaal of êrens anders op die aarde nie. Met betrekking tot sy verheerlikte liggaam het Jesus Christus opgevaar na die hemel en sit Hy aan die regterhand van God die Vader (Handelinge 1:9-11)! Daarom, kan niemand op die aarde iets uitrig met die (letterlike) verheerlikte liggaam van Christus in de hemel nie!

Ten slotte leer Jesus in vers 63 duidelik dat Hy nie praat oor letterlike dinge nie, maar oor geestelike dinge. "Dit is die (Heilige) Gees (van Jesus Christus) wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie". Letterlik in Grieks staan daar: "Die (menslike) vlees (die liggaam van Jesus Christus) het geen enkel nut nie." Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe". Letterlik in Grieks staan daar: "Die woorde wat Ek tot julle spreek, is Gees en lewe." Die woorde van Jesus Christus is nie maar net dooie letters nie, maar het diep geestelike betekenis en bring geestelike lewe tot stand. Hy sê dat sy "(goddelike) Gees" wedergeboorte bewerk (Johannes 1:13; Johannes 3:3,5) en dat sy "(menslike) vlees" (liggaam) niks goeds vir mense kan bring nie. Hy bedoel te sê dat mense moet ophou dink dat Hy van hulle vra om letterlik sy liggaam ("vlees") te eet en sy "bloed" te drink. Dit is sy (Goddelike) Gees (die Heilige Gees) wat op grond van sy dood en opstanding uit die dood aan gelowiges die ewige lewe gee[4]. Hy bedoel te sê dat sy woorde en uitsprake nie letterlik, maar geestelik opgevat moet word. Hulle is simbole wat na letterlike waarhede verwys. 'n Mens wat die letterlike waarhede aanneem waarna sy figuurlike woorde en uitsprake verwys, sal letterlik die ewige lewe beërwe.

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 6:1 - 71.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes hoofstuk 6:1-71.

6:5-9. Stop jou rasionele argumente en jou wiskundige berekenings wanneer Jesus iets aan jou sê. Jesus wil dat jy sy woorde in geloof aanneem.
6:15. Wanneer mense hulle eie wil aan jou wil opdring, is dit beter dat jy wegloop.
6:27. Gee jou tyd, energie en geld nie uit aan sake wat tydelik is en verlore gaan nie. Gee jouself en wat jy het aan die ewige dinge! Jesus alleen kan hierdie dinge aan jou gee.
6:28-29. Die werke wat God van jou vra is nie menslike (goeie of godsdienstige) werke nie, maar geloof, die beoefening van geloof in die werke van God, in die woorde van God en in die Seun van God
6:35. Glo in Jesus Christus en jy sal nooit meer geestelik honger of geestelik dors ly nie. Volhard om te glo en jy sal bly lewe en tevrede wees.
6:37. Glo in Jesus Christus en Hy sal jou nooit verwerp (verstoot) nie.
6:38. Jy leef op die aarde nie om jou eie wil te doen nie, maar om die wil van God te doen.
6:39. Glo dat Jesus Christus nooit sal toelaat dat jy verlore sal gaan nie (Johannes 17:12)!
6:40. Glo dat Jesus Christus jou sterflike liggaam by sy wederkoms uit die dood sal laat opstaan
6:44,65. Aanvaar met geloof, verwondering en dankbaarheid dat God mense tot Jesus Christus trek.
6:45. Luister na God die Vader en leer van Hom, omdat dit die manier is waarop God mense tot Jesus Christus trek!
6:54,40. Lê nie alles in die Bybel letterlik uit nie. Verstaan elke Bybelgedeelte soos God wil dat jy dit verstaan. Ook die figuurlike (simboliese) uitdrukkings en gesegdes in die Bybel wys na letterlike werklikhede op 'n hoër vlak wat die letterlike betekenis van die simbole ver oortref. Byvoorbeeld, die simboliese "Lam van God" (Johannes 1:29) verwys na die werklike Here Jesus Christus wat sy lewe werklik aan die kruis afgelê het. Dit oortref die betekenis van 'n letterlike offerlam!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes hoofstuk 6:1-71.

Ek wil nie dat die dinge rondom my, my aandag aflei van Jesus Christus nie. Ek wil leer hoe om in geloof te lewe en geloof te beoefen. In plaas van rasioneel te argumenteer en wiskundig my kanse en risiko's te bereken, wil ek leer

[3] Die transubstansiasieleer waarin die brood en die bloed op wonderbaarlike wyse verander word in die liggaam en bloed van Jesus Christus is NIE Bybels NIE!
[4] Of (ook 'n moontlike vertaling) dat sy (menslike) gees (Hy uit Homself, volkome vrywillig) (Johannes 10:18) sy menslike liggaam aan die kruis laat nael en sy bloed laat vergiet wat aan gelowiges die ewige lewe gee.

geloof te beoefen in die majesteit, krag en heerlikheid van Jesus Christus. Hy kan water in wyn verander en brood vermenigvuldig en in al my regte behoeftes voorsien.

Ek wil oortuig bly dat God absoluut soewerein handel in elke aspek van my lewe. Hy het my na Jesus Christus getrek en het my op soewerein manier aan Jesus gegee. Hy onderrig my, red my en beheers my lewe op 'n soewereine manier. Hy neem altyd die inisiatief en beveel my om op al sy inisiatiewe te reageer. Ek het my toegewy om verantwoordelikheid te neem vir al my keuses en beslissinge en reaksie op sy inisiatiewe in my lewe. Ek verbly my in die feit dat God se genade onweerstaanbaar is en altyd sal seëvier!

STAP 5. BID. REAKSIE
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 6:1 - 71. (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	*[VOORBIDDING]* BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	*[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 6 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Efesiërs 6 en Filippense 1 - 2. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (5) Die juiste prioriteite. Matteus 6:33. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.